Om in die hande van die Here te wees

Teks: Jesaja 49: 14 - 23
Teksvers: Jesaja 49: 16

1. Inleiding

Want beteken dit om iemand se naam onuitwisbaar in jou handplam te hê. Vandag tatoeëer ouers miskien hulle kinders se name op hulle arms en hande. Maar ons teksgedeelte verwys na iets selfs nog dieper as ’n tatoeëermerk wat tog maar toegemaak of uitgelaser kan word op ’n stadium. As ons werklik eerlik is verstaan ons nie mooi wat die profeet Jesaja bedoel in die profesie wat in ons teksvers aan ons gebring word.

Die rede hoekom ons dalk so min verstaan, is die feit dat ons van ’n antieke kultuur en gebruike praat. Dinge wat ons nie meer doen of selfs van weet vandag nie. Tog is hierdie verskoning eintlik geen verskoning nie. Want as gelowiges moet ons eintlik voortdurend besig wees met die bestudeer en verstaan van die Woord van die Here. En dan nie net die verstaan van die Woord van die Here nie. Ook in die beeld van die hand, die doen of uitleef van die Woord van die Here.

Want die ironie in die saak is dat dit wat vir ons na soveel onnodige moeite en inspanning klink juis dit is wat troos bring. In ander woorde gestel hoe minder ons met die woord en die dinge van die Here besig is, hoe donkerder word die wêreld vir ons. Daarom is dit nodig dat ons vanoggend die genade en die hoop in hierdie profesie raaksien. Ons moet te midde van al die beproewings in ons lewens vandag, opnuut besef wat dit beteken om ’n permanente inskrywing op die hande van die Here te wees.

2. Die rol van hand in die verbondstaal

Kom kyk eerstens wat die rol van die hand in verbondstaal is. In die Ou Testament sien ons telkemale dat God sê bind dit op jou hand en as ’n voorhoofsband tussen jou oë. En hierdie sprake sien ons dikwels in verband met die verbondsopdragte. Die eerste voorbeeld is in Eksodus 13 waar dit gaan oor die gedenking van die bevryding uit Egipte. En dan ook weer in Deuteronomuim 6 waar dit gaan oor verbondsonderrig aan die volgende geslag. En sommer uit die staanspoor die dit duidelik dat dit hier oor soveel meer as die blote fisiese hande en voorhoof gaan.

Ons weet tog die Here God is, en nie oor ’n menselike liggaam beskik, sodat Hy fisies ons name in Sy hande kan graveer nie. Maar ons weet ook dat God op so ’n vlak met ons wil bemoeienis maak dat Hy aan ons hierdie beelde gee. Maar wat beteken die beeld van ’n hand dan? Die beeld van ’n voorhoof dui opgedagtes en denke. Want die antieke mense het alreeds verstaan dat jou brein, waar die dink en beplan werk gedoen word binne jou kop sit. Maar wat hulle waarskynlik nog beter verstaan het, is dat ’n mens nie meer kan werk wanneer hy/sy hulle hande verloor nie. Ons ken dit vandag nog goed in die wêreld van die gestremde.

Daarom lê dit beeld van arbeid of eintlik enige fisies optrede in die hand. Die hand word gebruik om fisies dinge te doen. Selfs in die Nuwe Testament is hierdie beeld nog springlewendig. Die Here Jesus Christus sê self in Lukas 9:62 ““Iemand wat die hand aan die ploeg slaan en aanhou omkyk na wat agter is, is nie geskik vir die koninkryk van God nie.” Wat Jesus natuurlik in verbondstaal bedoel is dat iemand wat voortdurend terugverlang na die wêreld en Sy aanloklike nie enige effektiewe werk in die koningryk sal kan doen nie.

Tog is dit in ons teksgedeelte uiteindelik nie die hande van mense waaroor ons praat nie. Ons praat oor die hande van God. Maar alhoewel ons oor volmaakte hande praat, praat ons steeds oor die gebruik van die hande. Met ander woorde wat doen die hande van God?

3. Verbond en Moeder kind verhouding

Die eerste verwysing na ’n verhouding in ons teksgedeelte is die bekende verhouding tussen ’n vrou en haar eie baba in vers 15. Op ’n manier is dit ’n bekende verhouding vir ons,

want meeste van ons het in huis grootgeword waar ouers enigiets sou opoffer vir ons welstand. Maar soos ons ook hierdie week in die nuus gesien het, is dit booshied en gebrokenheid van die wêreld ook teenwoordig op hierdie gebied. En daarom word daar iets meer geopenbaar.

'n Verbondsverhouding word gewoonlik nie tussen twee mense gesluit nie. Daarom is daar maar enkele gevalle daarvan in die Bybel. Die rede is natuurlik dat die mens onbetroubaar is. Ons eie sondigheid veroorsaak gewoonlik dat ons nie 'n verbond kan onderhou nie. Trouens dit is eintlik die heel beste sigbaar in die verbond tussen ons en die Here wat ons nie onderhou nie, maar gereeld verbreek.

Dit is ook waar ons teksgedeelte begin. Sion wat sê dat die Here hulle verlaat het. En hierdie is steeds gewilde woorde vandag, wanneer mense in 'n worsteling met die Here beland. Tog is die waarheid eintlik altyd die teendeel. Dit is nie die Here wat ons verlaat nie. Dit is ons wat wegdryf van die Here af, wat ander afgode opsoek en begin dien. Die Here krap met respek gesê nooit ons name uit Sy handpalms uit nie.

Die verhouding tussen ons en die Here is baie dieper as selfs 'n biologiese Moeder - kind verhouding. Die verhouding tussen ons en die Here is 'n verbondsverhouding, wat die Almagtige nooit sal verbruik nie, omdat veraaing en valsheid net nie deel van Sy wese is nie. Nee, met getroue hande tree Hy anders op.

4. Die handpalms van die Verlosser

God die almagtige Vader tree anders op in die feit dat Hy handpalms stuur. Handpalms wat in die band van die drie-eenheid onlosmakend deel van Homself is. Hierdie handpalms is die palms van ons Here Jesus Christus. God die Vader stuur Sy enigebore Seun om te kom verlos, want Hy het ons nie vergeet nie. Christus kom en leef 'n sondelose lewe as die volmaakte offerlam, en dan….

Dan doen Christus iets met 'n unieke band met ons teksvers vandag. Christus se hande word gegraveer. En hierdie gravering word natuurlik baie letterlik met die spykers van die kruis in Christus se hande gedoen. En dit wat gegraveer word is ons sondes. Ons sondes wat die straf aan die kruis verdien. Christus neem baie letterlik ons sondes op hom en gaan sterf daarvoor aan die kruis. En daarom is ons vandag verlos van die sonde.

Hierdie letsels van die sonde wat steeds aan Christus se verheerlikte liggaam sigbaar is na die opstanding uit die dood, word nie sommer vergeet nie. Trouens dit is wanneer die ongelowiges Thomas sy vingers in hierdie letsels plaas in Johannes 20: 27 & 28 dat die opstanding ook vir hom 'n werklikheid word.

Dit bring vir ons terug by die beeld van die hand. Die hand simboliseer ook gee. En dit is wat die Here ver bo ons verdienste kom doen. Die Vader kom gee Sy ennigebore Seun, sodat almal wat in Hom glo nie verlore sal gaan maar die ewige lewe sal hê. Die Seun kom gee Sy uitgestreke handpalms aan die kruis, as volmaakte offer vir al ons sondes. Die Heilige Gees bring ons vandag nog onder die diep bewustheid dat ons altyd veilig in die hande van God is. Ons name is immers daar ingegraveer en niks kan dit daaruit verwyder nie.

5. Slot

Laastens kan ons afsluit met 'n ander vers wat dien as opsomming vir die boodskap in ons teksvers. "[28]Ek gee hulle die ewige lewe, en hulle sal in alle ewigheid nooit verlore gaan nie. Niemand sal hulle uit my hand ruk nie." Dit is natuurlik ook presies wat Paulus ego in Romeine 8:38 - 39: "[38]Hiervan is ek oortuig: geen dood of lewe of engele of magte of teenswoordige of toekomstige dinge of kragte [39]of hoogte of diepte of enigiets anders in die skepping kan ons van die liefde van God skei nie, die liefde wat daar is in Christus Jesus ons Here.

Ons sien dus duidelik dat ons name baie dieper op die hand van die Here aangebring is as 'n tatoeëermerk. En daarom is hierdie nie een van die teksgedeeltes wat geraadpleeg kan word in verband met tatoeëermerke nie. En daarom kan ons teksvers vandag nooit aangevoer word as 'n rede waarom ek my kinders se name op my hande en arms wil tatoeer nie. Want in die eerste plek is ek natuurlik nie God nie, en daarom nie instaat om enige iemand werklik lief te hê op die manier waarop die Here my liefhet nie. Ons teksgedeelte maak ook hierdie feit duidelik in wanneer die verhouding tussen die Here en ons beskryf word as baie beter as die verhouding tussen ouer en kind, soos ons gesien het.

Tog bly die troos en hoop vas staan in dit wat in ons teksgedeelte staan. Die Here sal ons nie uit Sy hand laat ruk deur enige dood of lewe of engele of magte of teenswoordige of toekomstige dinge of kragte nie, ook nie hoogte of diepte of enigiets anders in die skepping. Ons is werklik veilig in die hande van Here elke oomblik van ons lewens.

Amen